Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
15 Julie 2010

ASISA bring dinkskrum op die been om SA spaarkoers op te stoot

Die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) het vandag bekend gemaak dat hy 'n hoëvlak-dinkskrum gevorm het wat praktiese oplossings moet vind om Suid-Afrika se kommerwekkende spaarkoers te verbeter. Die nuwe Spaarforum word saamgeroep deur Tebogo Naledi, ASISA-raadslid en uitvoerende hoof van Afena Capital, en doen verslag aan die vereniging se beheerkomitee insake die beleid oor ekonomie en spaar (ESP).

Suid-Afrika se huishoudingspaarkoers word deur 'n tweevoudige sleuteluitdaging in die gesig gestaar, sê Leon Campher, uitvoerende hoof van ASISA. Dit is 'n kultuur van buitensporige opsigtelike verbruik en 'n gebrek aan ekonomiese groei om werkskepping tot gevolg te hê.

Campher omskryf spaarpogings as die keuse om bestedings uit te stel. "Deur nie vandag te spaar nie, stel Suid-Afrikaners hul vermoë in gevaar om môre te koop. Besteding wentel deesdae ongelukkig gewoonlik om oordadige verkwisting ten opsigte van motors, klerasie en ander luukse-items wat die vermoë in die wiele ry om later geld beskikbaar te hê vir iets meer betekenisvol soos 'n kind se onderrig of om vir 'n gerieflike aftrede voorsiening te maak."

Die afwesigheid van 'n sterk spaarkultuur in Suid-Afrika het tot 'n daling in die huishoudingspaarkoers (uitgedruk as 'n persentasie van BBP) gelei – 'n beroerde 1,5% verlede jaar (bron: SA Reserwebank). Suid-Afrika se huishoudingspaarkoers is een van die slegstes in die wêreld, volgens Campher.

Terwyl Australië, Japan en die VSA se huishoudingspaarkoerse almal laer as 4% is, spog China met 'n huishoudingspaarkoers van 38%, die hoogste in die wêreld. China word gevolg deur Indië met 34,7% en Turkye met 19,5% (bron: Bloomberg Businessweek).

Mense is geneig om hul spaarbesluite te grond op hul siening van die toekoms, volgens Campher. Indien verbruikers glo dat toekomstige inkomsteverwagtinge goed is as gevolg van gunstige ekonomiese toestande, beter betrekkings en stygende huispryse, neig hulle om minder te spaar.

Ten einde te help om Suid-Afrika se swak spaarkoers te verander, het ASISA se direksie die vereniging opdrag gegee om meer proaktief op te tree en oplossings te vind wat tot 'n baie sterker spaarkultuur in Suid-Afrika aanleiding sal gee. Dit het tot gevolg gehad dat die Spaarforum van stapel gestuur het. Die forum sal hom op die volgende drie strategiese werkbane toespits:

- Hoe om spaarpogings in Suid-Afrika doeltreffend aan te wakker en die spaarpoel te vergroot deur die gebruik van toepaslike spaar- en beleggingsprodukte.
- Ondersoek ekonomiese beleidshefbome wat vir die skepping van groei en werkgeleenthede vereis word.
- Hoe spaarpogings doeltreffend as beleggings aangewend kan word om ekonomiese groei en werkgeleenthede te bewerkstellig.

Die Spaarforum bestaan uit verteenwoordigers van die finansiëledienstebedryf wat die projek sal voortdryf met insette wat sal verseker dat dit 'n tersaaklike, insigryke en prakties-bereikbare beleidsvoorstel ter tafel sal lê vir bespreking met die regering en ander belanghebbendes.

“Die einddoel moet ‘n waardetoevoegende voorstel van ASISA-lidmaatskappye en die res van die finansiëledienstebedryf wees oor hoe ons die beste met die regering kan saamwerk om stukrag aan die land se spaarpogings te gee,” sê Campher.

Die eerste stap is volgens Campher om uitvoerige en geloofwaardige navorsing te doen oor toepaslike makro-ekonomiese aandrywers wat nodig is om wydlopende spaarpogings in Suid-Afrika aan te moedig, asook ‘n diepliggende ontleding van die bestaande spaar- en beleggingsprodukte en hul tekortkomings.

“Dit sal ons in staat stel om ‘n gemeenskaplike taal te praat wat spaarpogings betref. Daarom is ASISA met eerbiedwaardige akademiese instellings aan die onderhandel oor navorsingsbystand,” sê Campher. ASISA hoop ook om ander verteenwoordigende instellings in die finansiëledienstebedryf te betrek.

Hy sê ‘n lewenskragtige en groeiende spaarkultuur is ‘n voorvereiste vir sterk ekonomiese groei.

“Spaar help verbruikers om toekomstige finansiële verpligtinge te finansier sonder om skuld aan te gaan. Verbruikers se spaarpogings is terselfdertyd ook die bron van kapitaal wat maatskappye en die regering gebruik om groeigeleenthede deur infrastruktuur- en vervaardigingsontwikkeling te finansier. China is byvoorbeeld in staat om die meeste van sy eie groei te finansier omdat dit oor een van die hoogste spaarkoerse in die wêreld beskik.”

Die aanmoediging van ‘n spaarkultuur is dus nie net belangrik om die finansiële welstand van Suid-Afrikaners op lang termyn te verseker nie, maar dit is ook noodsaaklik vir die land se ontwikkeling in die geheel, sê hy.

“Ons moet die boodskap oordra dat die onmiddellike sigbare voordeel van geld spaar die spaarder se eie finansiële sekuriteit is. ‘n Ander deurslaggewende voordeel van ‘n sterk huishoudingspaarkoers is egter die totstandkoming van ‘n sterk ekonomie, werkskepping en uiteindelik laer rentekoerse en inflasie.”

Dit is die rede waarom ASISA ook die Suid-Afrikaanse Spaarinstituut (SASI) ondersteun in sy stappe om ‘n groter bewuswording by Suid-Afrikaners te kweek oor die belangrikheid van spaar, sê Campher.

“Ons gesamentlike doel is om Suid-Afrikaners aan te moedig om vandag te spaar en môre te besit.”

Afwaartse neiging in die SA huishoudingspaarratio (bron: SARB)



Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Leon Campher
Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).